

27 Junie

Skrifgedeelte: Romeine 1:1-17

Fokusgedeelte: DL, 3/4:6

God red deur sy Gees en Woord

As dit onmoontlik is om deur die lig van die natuur genoeg van God te weet om gered te kan word en as die wet geen verlossing bring nie, hoe kan ons dan gered word? Ons belydenis sê: “Wat nie deur die lig van die natuur of deur die wet gedoen kan word nie, dit doen God deur die krag van die Heilige Gees, deur middel van die Woord of bediening van die versoening.” Ja, God laat die evangelie van Jesus Christus aan mense verkondig en deur sy Gees lei Hy mense om die evangelie te glo. So het Hy besluit “om die gelowiges in die Ou Testament, sowel as die Nuwe Testament, salig te maak.”

Die apostel Paulus het sy lewe daaraan gewy om die Woord te bring aan mense wat God nie ken nie. Hy noem homself (vers 1) “’n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God”. God roep dus mense soos Paulus en stuur hulle om sy Woord uit te dra.

“Hierdie evangelie,” sê Paulus (vers 2-3), “het God vooruit deur sy profete aangekondig, en dit handel oor sy Seun.” Selfs die Ou Testament verkondig dus die redding deur Jesus Christus en die profete het destyds al die Messias verkondig. Vir enige mens, of hy nou voor Christus geleef het en of hy nou na Christus leef, is daar dus net een manier van redding: Hy moet die evangelie van Jesus Christus hoor en aanneem!

Hierdie verkondiging geskied nie deur die krag van ’n mens nie, maar deur die krag van die Heilige Gees. Alleen so kan dit mense tot geloof bring. Daarom moet ons God ook vandag dank dat hy sy Woord aan ons laat bring het. Oor die Woord sê Paulus (vers 16): “... dit is ’n krag van God tot redding van elkeen wat glo.”

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~